# TOOLBOX


## Januarie 2013

LID VAN VETERAAN MOTORVERENIGING VIR SUIDER AFRIKA (SAVVA)


*Sedert Februarie 2004* *Uitgawe nr 94*


Dagsê Vriende

Baie welkom terug aan almal, hoop julle het n lekker Kersfees gehad en dat die wat vakansie gehou het lekker gerus het en vol vuur en vlam is vir die nuwe jaar. Voorspoedige 2013 vir al ons lede en hul families. Dit is n nuwe jaar en daar wag baie werk vir ons met die skou wat net om die draai is.



**CARROLL HALL SHELBY JANUARY 11, 1923 - MAY 10, 2012**




Ons skou Tema vir 2013!!

***THE CARROLL SHELBY TRIBUTE***



# AGTER DIE STUURWIEL...

Eerstens welkom terug aan almal. Die fees seisoen het gekom en gegaan en hier staan ons alreeds halfpad deur Januarie 2013. Ek hoop dat almal uitgerus en veilig tuis is na die vakansie.
Sterkte aan al die lede wat sukkel met gesondheid en wat hierdie tyd van die jaar in die hospital moes deurbring.

Dis nou minder as 60 dae voordat ons die deure oopmaak en entoesiaste in nooi om na ons skou te kom kyk. Dis egter iets wat swaar op my gemoed druk op hierdie stadium. Ons almal het na afloop van die vorige skou met groot gees, vuur en vlam gewees en saamgestem dat ons hierdie jaar nog beter en groter gaan wees. Nou vra ek… wat het ons daaromtrent gedoen?

Elke jaar, vir die sesde keer nou, herhaal die patroon en kom die werk op slegs 'n handjie vol mense neer. Dalk is dit hierdie tyd van die jaar of dalk is daar iets in die lug wat die entoesiasme demp. Maar vir ons as komitee is dit regtig kommerwekkend om so min aktiewe lede by skouvergaderings te sien. Behalwe vir die skou-komitee het slegs 3 ander vrywilligers opgedaag. Ek wil graag my dankbaarheid teenoor hulle uitspreek en hoop hul entoesiasme is aansteeklik.

Die skou is ons almal s'n, nes die klub. Dis nie net die komittee of bestuur s'n nie en dus moet verantwoordelikhede en werk ook verdeel word. Ek belowe julle daar is genoeg werk vir elkeen, maar wat ontbreek is die entoesiasme. As ons almal dieselfde houding inneem en dink ons gaan net die dag van die skou opdaag en dit geniet,wonder ek wat gaan daar wees om te sien?

So kom ons wees positief, trek die moue op en begin saamwerk om die dag 'n sukses te maak. Almal van ons wil tog na afloop van die geleentheid terug sit en dink aan hoe genotvol dit was. Onthou die 24ste Januarie is dit ons voorlaaste skouvergadering. Moet dit asb nie misloop nie!

Success doesn't come to you. You go to it!!!

Groetnis......Tertius

## Jaarprogram

| | |
|---|---|
| 10 Januarie 2013 | – Maandvergadering |
| Sal aangekondig word | – Klub byeenkoms |
| 24 Januarie 2013 | – Skou vergadering |
| 07 Februarie 2013 | – Maandvergadering |
| Sal aangekondig word | – Klub byeenkoms |
| 21 Februarie 2013 | – Skou vergadering |

## SAVVA Nasionale Kalender

| | | |
|---|---|---|
| 03 Februarie | – Kalk Baai Veteran Run | – Cape Town |
| 04 - 08 Februarie | – SAVVA Edwardian Veteran Run | – George |
| 09 - 10 Februarie | – George Ou Motor Skou | – George |
| 10 Februarie | – CMC Autumn Rally | – Germiston |

# Gelukwensings





**Verjaarsdae**

Baie geluk aan die volgende lede wat gedurende Januarie verjaar. Mag julle 'n vreugdevolle en geseënde jaar hê!

1 Jan – Koos de Beer
17 Jan- Charles Botha
23 Jan – Elria Kinghorn

Ons wens elkeen van hierdie persone sterkte toe vir die jaar wat voorlê en verseker hulle van ons deurlopende ondersteuning!



**Uitslae van 2012 Maluti Concours:**

| | |
|---|---|
| Mees Betrokke Lid | 1ste: Frans van Staden<br>2de: Kokkie du Preez<br>3de: Koos de Beer |
| Mees Toegewyde Dame | 1ste: Nonnie van Staden<br>2de: Hannatjie Swart<br>3de: Elria Kinghorn |
| Vasbyt Trofee | Richard Lewis |
| Chairman's Floating Trophy | Hannatjie Swart |
| Mees Entoesiastiese Lid | Kornel Smith |
| Beste Vordering | Johnnie Neuhoff |
| Peregrinus | Ralph Raubenheimer |
| Mees Oorspronklike Motor | Willie Pietersen – 1974 Valiant Regal |
| Bes Gerestoureerde Motor | Charles Botha – 1955 Dodge Royal |
| People's Choice | Wimpie Pieters – Massey Furguson 35X |
| Lid van die Jaar | Die Naude gesin |
| Klas E (1946 – 1960) | 1ste: Wessel Naude – 1956 Morris Minor<br>2de: Nonnie van Staden – 1958 Morris Minor 1000<br>3de: Hennie Knoetze – 1957 Vauxhall Velox |
| Klas F (1961 – 1970) | 1ste: Don Whitehead – 1968 Wolseley 6/110<br>2de: Frans van Staden – 1969 Chrysler Valiant VIP<br>3de: Kobus Nel – 1964 Volvo 123GT |
| Klas G (1971 – 1991) | 1ste: Hennie Knoetze – 1984 Mercedes-Benz 380SEC<br>2de: Jors van Heerden – 1973 Chrysler 383<br>3de: Kornel Smith – 1974 Jaguar XJ6 |
| Stilstaande enjin van die jaar | 1ste: Kokkie du Preez - Wolseley<br>2de: Frans van Staden - Lister<br>3de: Hennie Knoetze - Wolseley |

Ek heg n aanhangsel aan oor die die Dakar Rally .
Baie interesante feite oor al die voorbereiding.Giniel De Villiers het die eerste Suid Afrikaner geword wat die Dakar Rally op 17 Januarie 2009 gewen het.Was ook Volkswagen se eerste wen .

# OPGEWOEMA!

## Giniel de Villiers se bakkie is 'n kragreus op steroïede – net reg vir die moordende tog wat die Suid-Afrikaner gaan aanpak in die Dakar-tydren

Deur PETRO-ANNE VLOK

DIE 34ste Dakar-tydren begin op 5 Januarie en oudergewoonte is die Suid-Afrikaanse renjaer Giniel de Villiers, wat in 2009 dié tydren in 'n Volkswagen Touareg gewen het, oorgehaal om sand in die oë van sy teenstanders te skop.

Soos in 2012 ry hy met 'n Toyota Hiluxbakkie, en die Duitser Dirk von Zitzewitz is weer sy navigator.

Die tydren, wat oor sowat 8 500 km strek, word allerweë as die taaiste ter wêreld beskou; daarom moet deelnemers se voertuie ratelraai wees om die eindstreep te haal. Daar is kategorieë vir motors (van duinebesies tot viertreksportnutsvoertuie), motorfietse (wat vierwielmotorfietse insluit) en vragmotors.

Giniel (40) se bakkie is nie sommer net nog 'n plaasbakkie nie en is spesiaal aangepas vir die moordende toestande.


Ons kyk na die Imperial Toyota SA Dakarspan se twee identiese viertrekbakkies en na die tydren self. ■

**60 °C**
So warm kan die bakkie se kajuit word – en daar is geen lugverkoeling nie!

**R350 000**
Dis hoeveel die Hilux se elektroniese stelsel kos.

**V8**
Die bakkie word aangedryf deur 'n 5 L-V8-petrolenjin.

**170 °C**
So warm raak dit onder die enjinkap.




**R25 000**
Soveel kos 'n Reiger-skokbreker, en elke bakkie het agt van hulle.

### DIE ROETE

**Die tydren begin op 5 Januarie in Lima, Peru. Die roete kronkel deur Argentinië en eindig op 20 Januarie in Santiago, Chili.**




FOTO'S: GALLO IMAGES/AFP; ILLUSTRASIES: MICHAEL DE LUCCHI, ANTON VERMEULEN EN KOBUS GALLOWAY

Tradisioneel het deelnemers van 1978 in Parys, Frankryk, weggespring, 'n roete deur Noord-Afrika gevolg en in Dakar, Senegal, geëindig – vandaar die naam. Maar toe vier Franse toeriste in 2008 in Mauritanië vermoor word en ekstremiste dreig met 'n terreuraanval op deelnemers aan die tydren, is dit gekanselleer. Baie mense het gedink dis die einde van die epiese tog, maar toe bied die regerings van Chili en Argentinië aan om gasheer te speel. Hul uitgestrekte woestynlandskappe was nommerpas, en in 2009 is die eerste ren oor die nuwe roete gehou. Dit vind sedertdien in Suid-Amerika plaas.

### VEILIGHEIDSMAATREËLS


Ongelukke is deel van elke Dakar-tydren; daarom moet voertuie met bykomende veiligheidseienskappe toegerus word. Die Hilux het 'n ingeboude rolhok in die kajuit, 'n splintervrye voorruit, renjaersitplekke met volledige veiligheidsharnasse en brandblussers. Dit het ook 'n satellietsender wat reddingswerkers in die geval van 'n ongeluk na die bakkie kan lei.

EKSTRA BRONNE: DIESELPOWERMAG.COM, WHEELS24.CO.ZA, DAKAR.COM, EN.WIKIPEDIA.COM, DAKAR.TOYOTA.CO.ZA

## GINIEL SE DAKAR-PAD

- 2009 – Bestuur 'n Touareg vir Volkswagen en wen in die motorkategorie.
- 2010 – Sy Touareg sukkel met elektriese probleme en hy verloor meer as twee uur terwyl hy wag vir sy bystandspan. Hy en sy navigator, Dirk von Zitzewitz, eindig sewende.
- 2011 – Hulle is tweede in hul Touareg ná Nasser Al-Attiyah van Katar.
- 2012 – Giniel en Dirk eindig derde met 'n Toyota Hilux.

**KITSFEIT**
Die Hilux is in Suid-Afrika gebou, maar het 'n linkerhandstuur, wat beteken Giniel en sy landgenote moet hul bestuurstyl aanpas.






**3** Die getal noodwiele wat agterop die bakkie vasgemaak is. Die span vat 80 bande saam Suid-Amerika toe.

**R5 000**
Soveel kos een Michelin A/T-band.

TOT
**1 000 km**
PER TENK

Dit hang af van die toestande. In die moeilikste duine sal dit sowat 500 km per tenk petrol wees, maar op gelyk paaie nader aan 1 000 km. Die tenk is ekstra groot.

**24**
Die getal lede in die Imperial Toyota SA Dakar-span.

2 bestuurders
2 navigators

17 tegnici

1 ingenieur

1 fisioterapeut

1 spanbestuurder

2013 DAKAR
PERU
ARGENTINA
CHILE

**53** Soveel lande het spanne wat deelneem.

**471** Die totale getal inskrywings.

**71** Die oudste deelnemer, Francisco Claudio Regunaschi van Argentinië, is so oud.

**19** Die jongste deelnemer, Robert van Pelt jr. van Nederland, is net 19 jaar oud.

**1 700**
Die getal deelnemers en ondersteuningsmense wat by die tydren verwag word.

**HOU HULLE OOK DOP**
Giniel is nie die enigste Suid-Afrikaner in die tydren nie. Duncan Vos en sy navigator, Rob Howie, is ook deel van die Suid-Afrikaanse Toyota-span en ry met 'n bakkie nes Giniel s'n. John van Staden en Mike Lawrenson ry vir McRae, ook in die motorkategorie.
In die motorfietskategorie ry Brett Cummings en Glen Grundy vir Honda, en Darryl Curtis en Riaan van Niekerk ry met KTM's.
Sarel van Biljon is die enigste Suid-Afrikaner in die vierwiel-motorfietskategorie.

**1 200**
Soveel uur se TV-dekking wy 70 uitsaaiers in 190 lande aan die tydren.

**400**
Soveel joernaliste reis saam om die Dakar te dek.

**1 BILJOEN**
Die getal TV-kykers wat wêreldwyd die moordende ren volg.

**2012-WENNERS**

**MOTOR**
Stéphane Peterhansel van Frankryk met sy Mini All 4.

**MOTORFIETS**
Cyril Despres van Frankryk met 'n KTM 450 cc Rally.

**VIERWIEL-'FIETS**
Die Argentyn Alejandro Patronelli met 'n Yamaha.

**VRAGMOTOR**
Gerhard de Rooy van Nederland met 'n Iveco Powerstar.

**AAN STUKKE**
Die Hilux word gedeeltelik uitmekaargehaal voor dit na Suid-Amerika gevlieg word. Dit duur sowat vier uur om die bakkie vir toetse gereed te kry en nog vier uur om slaggereed vir die tydren te wees. Toetse op die herboude bakkie kan nog agt uur duur.

**STERFTES**

**25** Soveel deelnemers het al in die tydren gesterf. Die Suid-Afrikaanse motorfietsryer Elmer Symons het in 2007 in sy debuutren gesterf toe hy in fase vier verongeluk.

**39** Die getal toeskouers, bemanningslede en joernaliste wat al tydens die tydren gesterf het.



**STÉPHANE PETERHANSEL** is die suksesvolste mededinger in die geskiedenis en spog met 10 titels agter sy naam. Hy het die motorfietskategorie ses keer en die motorkategorie vier keer gewen.



**VLADIMIR CHAGIN** se bynaam is nie verniet die Tsaar van Dakar nie. Met sewe oorwinnings in die vragmotorkategorie is die Rus die suksesvolste bestuurder in 'n enkele kategorie.

## GULF FORD GT deur Leon Badenhorst

Leon het n baieinterressante 1:12 skaalmodel van hierdiesportmotor .Toevallig is hierdie model ook in die kleure van die Gulf geborg.


As mensna die detail kyk op fotoskanmens die uniekheidopmerk. Sovervasgestelkan word is hierdie die enigste model van sysoort in Suid –Afrika. Dit het die land ingekom as n geskenkaan die voormaligeSkakelhoofvn Volkswagen SA wat n ruk in Amerikagewerkhet.Hy is toevallig Leon se skoonvader en dit is hoe hy in besitgekomhet .

Dit is een van 200 motors watvir n kontrakvir n motorverspreider is die VSA gemaak is. Daar is ook n part nommer op bokswataanduidit is ingevoer as n motoronderdeel en nie as n model nie. Dit is ooktoegrus met paaltjies en n miniatuurkettingom die publiekwegtehou.

Die motor het regte Knock off wielewat met syeiespaanderwerkk. Die Spaarwielkanookafgehaal word soos n regtespaarwiel. As die enjinkapoopgemaak word kanelkeonderdeel van die vering tot die remstelsel in detail gesien word.

Binne is die rathefboom in sy slot mooisigbaar en die voorwieledraaifisies met die stuurwiel .Sywaarde is deur 2 onafhanklikemodelwaardeerdersgedoenvirongeveer $1450 is ditongeveer so tussen R12000 en R16000 werd.Leon het ookongeveer 420 andermodelle







**Wat het gebeur op die dag in die geskiedenis**

| Datum | |
|---|---|
| 03-Jan | Op die dag 1961 is die een miljoen ste Morris Minor vervaardig n twee deur 1000 is vervaardig vir die geleentheid slegs 349 is spesiaal genaak en is Lilac geverf met wit sitplekke en n spesiale wapen. Dit was eerste produksie rekord van sy soort in Brittanje |
| 06-Jan | Die eerste diesel engine motor reis was voltooi in 1930 in n Packard 1300 km van Indianapolis na New York |
| 10-Jan | Peoples Car is bekendgestel in New Dehli in Indie deur Tata die Nano as die goedkoopste kar ter wereld $2500 |
| 11-Jan | Op die dag in 1923 was Carrol Hall Shelby gebore bekend vir die maak van Shelby American Cobra vanaf 1965 Shelby American Inc was gestig in 1962 |
| 12-Jan | n Vierwiel genoem 999 met n hout onderstel met geen body het Henry Ford a land spoed rekord van 91.37 mph opgestel op n gevriesde oppervlak op die dag in 1904 |
| 16-Jan | Op die dag in 1994 Fusca Club do Brasil kry dit reg om 1528 Volkswagen waarvan 52 nie Fuscas of Beetleswas nie Dit is geregistreer in die Brazilian Guinness Book of Records |
| 17-Jan | Op die dag 60 jaar gelede het die Chevrolet Corvette sports kar sy debuut gemaak by die General Motors Motorama in New York. Op die dag 2009 Giniel De Villiers eerste Suid Afrikaner wat die Dakar Resies wen ook Volkswagen se eerste wen. |
| 18-Jan | SA se laaste VW beetle was op die dag in 1978 gemaak dit is direk na n museum Auto Pavilion hy het net 200km op die klok gehad in 2006 word die kar na n skou in Kaapstad geneem maar die kar rol en word afgeskryf elke komponent was bewaar en weer ingebou in n Beetle en is nou te sien by die Auto Pavilion. Britse motor vervaardiger Bentley Motors is gestig op die dag 1919 by Walter Owen Bentley maar die eerste motor is eers September 1921 voltooi . |
| 21-Jan | Op die dag in 2009 GM offisieel verloor hul titel as die wereld se grootste motor vervaardiger na 7 dekades . Die wereld verkope was 8.36 miljoen karre en trokke in 2008 in vergelyking met Toyota se 8.97 mijoen. |
| 25-Jan | Meer as 100 jaar gelede het Armstrong- Siddeley die Sphinx radiator embleem ontwerp |
| 27-Jan | n Weergawe van die Ford Mustang Shelby GT 350 wat ontwerp is deur Carroll Shelby is bekend gestel op die dag 1965 306 horsepower V 8 Engine |
| 28-Jan | Op die dag 2003 Geely bou n aanleg in Taizhou om nie minder as 300 000 karre te vervaardig nie in april 2003 bereik Geely n ander hoogte punt die 1000 000 word vervaardig. Geely besit ook nou Volvo |
| 29-Jan | In 1843 William McKinley is gebore hy was die 25 ste USA president ,Hy is ook die eerste USA president wat in n motor voertuig ry n Stanley Steamer |
| 30-Jan | In 1920 word die Toyo Cork Kogyo maatskappy gestig deur Jujiro Matsuda in Hiroshima hulle was kurk vervaardigers maar n dekade later vervaardig hulle die eerste motor . En verander hul naam na Mazda vandag is die mazda Miata die wereld se beste verkooper twee sitplek Roadster |

SAVVA Technical Tip 68 – Fire extinguishers

Some years back we mentioned the importance of carrying fire extinguishers in our vehicles. To justify our concern we received the following information from the National Fire Protection Association in the USA, last year:



* 215500 vehicles were burned out
* Every 146 seconds a vehicle burns out
* 310 people were killed in vehicle fires
* 1590 people were injured
* $1.4 Billion damage to vehicles

Fire extinguishers are now readily available from all spares outlets at very good prices – make sure you have one in your collector vehicle at all times and also make sure it's in good order. It pays to buy one with a gauge so you can see the pressure level.

Another warning: We recently heard of a club member in Johannesburg who sadly ended up in intensive care with severe burns when a fire got out of control whilst working on one of his cars. Four cars were also destroyed. It was one of those unforeseeable accidents. In this case a lead light bulb exploded igniting some petrol. He had an extinguisher on hand but the capacity was too small. Make sure you have a large capacity one in your workshop or garage.

I had a similar but not as catastrophic an accident in November. I was running the engine of a recently purchased motorcycle and was unaware the exhaust had a hole in it resulting in the exhaust blowing downwards and igniting some oil soaked cloth on the floor under the engine. In seconds there were flames lapping the fuel tank. Fortunately I was able to extinguish the flames before there was too much damage. We tend to forget we are working with dangerous machinery, inflammable fuels and other combustible materials.

I'm sure most enthusiasts have discarded the old incandescent bulbs in their lead (inspection) lights and replaced them with "energy saving" tubes. They tend to last longer and don't get so hot. If you haven't done so – give it some thought.

**Lede - Kontak besonderhede**

| | |
|---|---|
| Leon Badenhorst | 084 810 6125 |
| Sakkie Bell | 082 371 6957 |
| Charles Botha | 083 635 2983 |
| Paul Botha | 078 024 3463 |
| Jimmy Dawson | 084 251 4453 |
| Koos de Beer | 082 477 5559 |
| Kokkie du Preez | 072 1275 061 |
| Tertius du Preez | 082 889 4294 |
| Dave Green | 078 738 3866 |
| Clem Harrington | 082 455 8521 |
| Johan Heyns | 073 155 6833 |
| Elria Kinghorn | 082 743 5631 |
| Hennie Knoetze | 076 536 4271 |
| Richard Lewis | 083 226 3309 |
| Luame Liebenberg | 082 636 6657 |
| Arthur Lloyd | 082 887 8432 |
| Wessel Naude | 083 264 8386 |
| Kobus Nel | 078 864 4155 |
| Fred Nel | 083 306 8432 |
| Johnnie Neuhoff | 083 331 8140 |
| Wimpie Pieters | 082 558 8707 |
| Willie Pietersen | 082 674 0794 |
| Danie Poggenpoel | 083 630 4090 |
| Joggie Prinsloo | 083 555 8222 |
| Ralph Raubenheimer | 082 900 8200 |
| Jacques Rauch | 083 406 7290 |
| Kornel Smith | 076 592 1330 |
| Duimpie Swart | 082 669 0313 |
| Edward van den Berg | 072 601 7675 |
| Jors van Heerden | 073 170 9344 |
| August van Niekerk | 076 589 8147 |
| Francois van Niekerk | 082 321 3634 |
| Frans van Staden | 073 233 3447 |
| Don Whitehead | 076 804 0517 |
| Rex Whitehead | 072 455 5747 |

Maak asb seker by Wessel dat jou sel nr, adres en ID nr korrek is.
En dat ons wel die inligting op rekord het.